**12 Junie**

**Skrifgedeelte: Psalm 51:12-15**
**Fokusgedeelte: Psalm 51:12-15**

## Met ’n nuwe hart kan jy ander deur die Gees leer

Dawid het groot sonde gedoen. Hy het owerspel gepleeg met Batseba. Hy het Uria, haar man, laat vermoor. Hy het dit alles vir ’n jaar lank verswyg.
Toe keer hy terug na die Here in opregte berou. Hy wil nou op ’n nuwe manier met sy lewe aangaan. Hierdie lewe wat hy nou begeer, behels drie sake en hy verwoord dit in gebed:

- *Maak my binneste skoon.* Lewensverandering begin in die innerlike mens. Van binne na buite. Nie andersom nie. Dawid bid om opregtheid. Jesus het juis met die Fariseërs gebots vanweë hulle onopregtheid, terwyl hy groot simpatie met sondaars gehad het.
- *Wees naby my.* Dawid se sonde het hom iets van ’n afstand laat beleef tussen hom en sy Here. Sonde bring skeiding. Die paradysverhaal leer dit aan ons. Dit bring onveiligheid, onvastigheid en ’n gebrek aan koestering. Dawid bid vir nabyheid en aanvaarding.
- *Gee aan my ’n positiewe hart.* Gee aan my vreugde. Die jaarlange skuldgevoel moes aan Dawid gevreet het en hom moedeloos en sonder selfvertroue gelaat het (lees maar Ps. 32). Hy beroep hom op die verlossing wat hy ontvang het. Dit is rede tot vreugde (Fil. 4:4). Hierdie vreugde begeer hy as motief in sy uiterlike lewe.

Dawid wil sy sonde-ervaring as getuienis gebruik om ander te leer (net soos Ps. 32). Vergifnis, deur die heilswerk van Christus, open mens se oë vir mense wat nog nie uit hierdie genade leef nie. So verander Dawid se lewe van ’n onproduktiewe, terneergedrukte en oninspirerende bestaan na ’n lewe wat innerlik vernuut is, ’n lewe in intieme en persoonlike verhouding met die Here en wat positief ’n opbouende en vormende uitwerking op ander mense het.
Dawid wil ander leer. Het jy jou ook hierdeur laat leer?

*Dr. SF Kruger (Middelburg-Noord)*